

## **Maandelikse gemeentebrief Junie 2017**

Junie, Julie en Augustus is amptelik ons wintermaande. Ek weet nie van jou nie, maar ek staan 'n bietjie moeiliker op, want ek is 'n somermens. Maar winter is ook nodig in die natuur en het sy eie vreugdes soos 'n lekker kaggelvuur, sop en biltong. Ten spyte van die winter is ek baie opgewonde oor die volgende sake wat in en om die gemeente aan die gang is en in wording is in die volgende maand.

Ons vier Pinksterfees; 'n oesfees, dat Christus nou ook op 'n ander wyse op aarde kom werk deur die Gees. Na die somberheid van Goeie Vrydag breek Paasfees se nuwe lewe deur en al is Pinkstertyd meestal koud vier ons dit met warm harte. Ons Pinkstertema, wat deur ds. Callie Roos ingelei is, lei ons op die spoor van die Gees. Ons warm harte word ook gesien en ervaar wanneer ons hierdie kwartaal fokus op ons waarde van Deernis aan Weerloses. Ons vertel graag van die projekte en instansies wat ons ondersteun en met wie ons saamwerk soos MES, die Blou Huis en Huis Erasmus, Jan Hofmeyer en Uitkoms Huis vir Dogters.

Ons nooi ook almal uit om deel te neem aan ons Winterwarm-projek om komberse en warm klere te skenk vir mense in nood. Ons Omgee-Gholfdag het reeds plaasgevind en die wins word juis uitgedeel daar waar daar nood is. Baie dankie aan almal wat by die projekte 'n verskil maak.

Die Damesoggend op 3 Junie was ook 'n groot kuier saam met kunstenaars soos Tobie Jooste. Dankie aan al die dames wat die oggend bygewoon het.

Ons kry nuwe bure! Ja, in 'n stadsgemeente waar daar baie wisseling is, hoor ons dit gereeld. Soms ken 'n mens nie eens jou bure nie, want die mure is hoog en die lewe is besig. Ons as gemeente kry in 2018 'n nuwe dubbelmedium Laerskool, Promeso Akademie as bure. Renico het die plot langs die kerkgrond gekoop en gaan binnekort begin om in fases die geboue op te rig. Providencia, 'n maatskappy wat 'n aantal privaatskole bedryf, gaan die skool bestuur.

Ons besef dat daar 'n groot behoefte aan hoë kwaliteit onderrig bestaan en waar daar baie privaatskole in ons omgewing is, is daar min wat ook onderrig in Afrikaans met 'n Christelike karakter aanbied. Ons voer gesprek met ons bure oor maniere waarop ons kan saamwerk en mekaar ondersteun.

Ons het op Hemelvaartdag ons verbondenheid met die ander kerke in ons omgewing gevier deur 'n ekumeniese diens by St Michael's. Dit is 'n goeie ervaring om so ook ons geestelike bure te leer ken. Die leraars van die onderskeie gemeentes kom kwartaalliks byeen om saam te bid en ervarings te deel en so leer ons om mekaar se onderskeie bedienings aan te vul.

Ons vier ook ons verbondenheid as deel van die NG Kerk as die ander nege gemeentes in ons omgewing op 12 en 13 Junie by Weltevreden kom vergadering hou. In kerklike taal



praat ons van 'n Ringsitting. By dié geleentheid besin ons oor die baie gemeenskaplike uitdagings van ons omgewing en deel ook wat in elke gemeente gebeur.

As kerkraad kom ons op 24 Junie vir 'n beplanning en evalueringsdag byeen. Ons gaan die resultate van die vraelys wat in die gemeente gesirkuleer is bespreek en saam bid en beplan vir die volgende jaar. Dankie vir elke lidmaat se insette en samewerking; ons as leraars en kerkraad waardeer dit opreg.

Groete  
Kobus Sandenbergh